durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap

16 - 31 Maart 2025

16 Maart 2025, Derde Lydensweek

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens (Ouditorium)**
Pieter Truter

Deuroffer: Zimbabwe, Malawi, Mosambiek

23 Maart 2025, Vierde Lydensweek

9:00 **Familiediens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait

Deuroffer: Studiefonds

30 Maart 2025, Vyfde Lydensweek

9:00 **Familiediens (Ouditorium)**
Chaldin Bezuidenhout

Deuroffer: Studiefonds

6 April 2025, DOOP SESDE LYDENSWEEK

9:00 **Familiediens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait

Deuroffer: Alta du Toit Nasorg

13 April 2025, PALMSONDAG SEWENDE LYDENSWEEK

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Mizelle Prinsloo
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Pieter Truter

Deuroffer: Christelike Afhanklikheids-diens (CAD)

GEBEURE OORSIG:
19 Maart: Orrelfees
24 Maart: Kerkraadsvergadering
25 Maart: Doopkategese
27 Maart: Seniors (slegs lede)
28 Maart: Skole sluit

8 April: Skole open

'N GROOT DANKIE

Prys die Here
Dankbaar
Erkenning aan Hom
Genade

Dankie vir hande, voete, tyd, geld, goeie gesindheid

In Bergsig noem ons dit die KOEPEL VAN GENADE

Elke keer toe ons nog die Durbanville Plaasfees gehou het en nou met die Oppiehoek Basaar ervaar ons dit.

Daar is meer GENADE as frustrasies. Die gemeente werk saam en sit alles in. Daar kom bydraes en skenkings wat ons stom slaan en ons is dankbaar.

Met die afgelope basaar ervaar ons hoe oud en jonk saam werk. Al die generasies doen hul deel.

Daar is 'n tannie van 92 wat BAIE piesangbrode en muffins gebak het.

Daar is 'n oom, êrens in die sewentigs en 'n jong seuntjie van omtrent 6/7 wat saam koeldrank verkoop. Daar is mense wat in die bloedige warm son in die tuin werk om dit "mooi" te maak voor die publiek die kerk besoek.

En …. so kan ons aangaan en aangaan. Baie se insette gaan ongemerk verby, maar ons is dankbaar daarvoor. Ons deel binnekort die bedrag 🧡

Orrelfees ∞ 19 Maart 2025 ∞ 10:00 ∞ Ouditorium

Musiek vir die Here se ore

Bergsig verwelkom Philip & Lurianne Moolman as musiekkoördineerders vir die musiekbediening. Hul gawes en talente gaan ingeploeg raak in die bediening.

Bergsig is bevoorreg om baie vrywilligers te hê wat sing, instrumente speel en passievol is om die Here te dien met hul lofprysing. Ons is ook geseënd met 'n goeie orrellis.

Ons is reeds dankbaar dat die musiekgroep die bediening gaan uitbrei.

Daar is Bergsig Bemarking-spamflette by die deure beskikbaar - neem 'n paar en gee vir nuwe intrekkers in jou area of vriende wat graag meer van ons werksaamhede wil weet.

Vanuit die Uitreikkantoor ...

GGO oorsig vir 2024 / 2025

GGO staan vir Geloofsgelofte-Offers

Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader wat hierdie projek seën en in stand hou ter ondersteuning van Sy Koninkrykswerk. 'n Groot dankie en waardering aan elke Bergsig GGO-donateur vir jou getroue voortgesette ondersteuning. *"Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig" Fil.4:18*

Gemeentelede se donasies aan GGO is die hoofbron van finansies ter ondersteuning van Bergsig-uitreike. Die GGO-projek in Bergsig bestaan reeds sedert 1997. Die afgelope jaar kon ons **R936 215** verdeel tussen ons uitreike, **dit is R200 000 meer** as die vorige jaar. Ons dank God vir sy voorsiening.

Die totale verspreiding van bogenoemde bedrag was as volg:



Totaal aan projekte / instansies binne Suid-Afrika
R401616 42.9%

Totaal Afrika (buite Suid-Afrika)
R194708 20.8%

Totaal Afrika (Suid-Afrika ingesluit)
R596324 63.7%

Totaal Ander Kontinente (Buite Afrika)
R329051 35.1%

Totaal ander ondersteuning en administrasie
R10840 1.2%

Groot Totaal R936215 100.0%

Die GGO-verdeling per vennootskap / bediening vir 2024/25 is beskikbaar vir belangstellendes, by Pieter Truter, Bergsig se Uitreike-koördineerder.

Die GGO brosjure, met al die uitreike waarby Bergsig tans betrokke is, is beskikbaar in gedrukte formaat in die voorportaal asook elektronies by www.bergsigdv.co.za.

"En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk." 2 Kor.9:8

Durbanville-Bergsig gemeente stap al vir meer as 30 jaar 'n pad saam met die kerk in Mosambiek-Milange. Verskeie uitreike is al vanaf Bergsig na Mosambiek onderneem, veral in die 90's en vroeë 2000's. Ds. Danie Murray en sy gesin het in 1994 (aanvanklik in 'n karavaan) in Milange gaan woon waar Durbanville-Bergsig se bouspan hul huis gebou het en later ook aan die kerk daar help bou het (Foto regs bo). Die geboue word vandag steeds deur die kerk gebruik. Later het Danie en sy gesin teruggekeer na Suid-Afrika, maar hy het steeds betrokke gebly in Mosambiek deur gereelde besoeke. Tans werk hy nou saam met die Igreja Reformada in Moçambique (IRM) om predikante en sendelinge op te lei en gemeentes te help om kerkwees te verstaan. (Foto links bo: Ds Teyo Smit met swart hemp, Uitreike Leraar)

Toe Durbanville-Bergsig aanvanklik in Mosambiek betrokke geraak het, het Suid-Afrikaanse sendelinge die kerk daar gaan ondersteun. Sendelinge en predikante vanuit die plaaslike gemeente bedien nou die kerk daar en word ook na die noorde van die land gestuur om verder uit te reik.

Met Danie se kwartaallikse besoeke is daar geleentheid vir lidmate om hom op hierdie besoeke te vergesel. Vanaf 26 Maart tot 28 April gaan Murray Steenkamp, Durbanville-Bergsig se uitreike voorsitter, saam met hom na Milange en omgewing om te gaan bedien en ondersteun. Ons vra asseblief jul voorbidding vir hul reis (meer as 4000km) en die werk wat hulle daar gaan doen. Hierdie besoek is moontlik gemaak deur lidmate se Geloofsgelofte-offer (GGO) bydraes en die Mosambiek vennootskap (Durbanville-Bergsig gemeente saam met Helderberg gemeente in Somerset-Wes). Ons dank die Here vir sy goedheid! Indien jy meer wil weet oor die werk in Mosambiek, **kontak gerus vir Abrie Coetzee (Koördineerder) by 0823708489.**

UITREIKGELEENTHEDE VIR DIE JAAR

Lidmate kan deel wees van die uitreike soos gelys hier onder. Die betrokkenheid hierby help ons om 'n ander perspektief te ontwikkel oor die Koninkryk waarin ons dien. Gebruik die jaar om êrens deel te raak.

Komende Woensdag spandeer ons bietjie meer tyd saam met die ORREL. Daar is vier orrel feeste die jaar. Elke geleentheid gaan so 20 minute orrel / saamsing kans hê, so 'n 20 minute ander verras program element en met tee-kuier geleentheid daarna.

Koninkrykbestuursveldtog

R471 325.98

Al het ons nie die mikpunt van R670 000 gemaak nie, is ons uiters dankbaar teenoor die Here, want Hy het ons Gemeente weer op ander gebiede geseën bv. die GGO wat meer ontvang het as die vorige jaar.

Ek is dringend op soek na akkomodasie so gou as moontlik vir 'n baie ordentlike sober enkeldame (67 jr oud) wat van SASSA pensioen afhanklik is. Verkieslik 'n ongemeubileerde buitekamer met badkamer geriewe indien moontlik. Kontak L Burger 0824405662.

Kuns Oase

Daar was toe werklik 'n kans om ASEM te haal na die basaar. Die saam wees was geseënd, anders heilig omdat elkeen met hul kunswerk en die begeleiding van Junita de Swart (aanbieder) saam met God ook hul weg moes vind om hul kunswerk te maak.

Foto links: Renate Lubbe en Junita de Swart - Foto 2de van regs: Heidi Botes

Vele hande maak ligte werk en daar was nog baie meer betrokke wat nie eers hier te siene is nie.



NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

Facebook: Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

Straatadres: H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

Posadres: Posbus 479, Durbanville, 7551

Kantoor-ure: Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

Bankbesonderhede: NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay

zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to donate now